

# KYK WAT LOER ONDER DIE BED UIT



## KATJIES

**BENODIGDHEDE:** Pingouin Golden Age, 50 g grys, 50 g wit, bietjie pienk en swart wol; 2,50-mm-hekelpen; bordurnaald nr. 18; watte of kapok om mee op te stop.

**MATE:** Lengte van sool 18 cm.

**SPANNING:** 11 ste en 10 rye = 5 x 5 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; gs - glipsteek; st(e) - steek(steke); kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; vermeer - vermeerder(ing); vermin - verminder(ing); vlg - volgende; krap-st - krapsteek.

**AANWYSINGS (Hekel 2):** Begin met 26 ks, draai.

**1e rondte:** 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb

in elk van vlg ks, 4 kb in laaste ks. Hekel nou aan agterkant van ks, 1 kb in elke ks. In laaste ks hekel 3 kb, 1 gs in 1e kb.

**2e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb van vorige rondte. By die 4-kb-vermeer in vorige rondte, hekel 2 kb in elk van middelste 2 kb van 4-kb-vermeer, 1 kb in elke kb tot by vlg punt, 2 kb in elk van middelste 2 kb van 4-kb-vermeer, 1 gs in 1e st.

**3e rondte:** Soos 2e rondte.

**4e rondte:** Soos vorige rondte, maar vermeer soos volg: 2 kb, 1 kb, 2 kb in middel van albei punte.

**5e rondte:** Soos 4e rondte.

**6e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb, vermeer soos volg: 2 kb in 1e st, 1 kb in vlg st, 2 kb in vlg st, 1 kb in vlg st, 2 kb in vlg st, 1 kb in elke kb tot by vlg vermeer, herh vermeer, 1 gs in 1e st.

**7e rondte:** 1 ks (= 1 kb) 1 kb in elke kb van vorige rondte met vlg vermeer op beide punte: 2 kb in vlg st, 1 kb in vlg 6 ste, 2 kb in vlg st, eindig met 1 gs in 1e st.

Hierdie 7 rondtes voltooi sool van pantoffel.

**8e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke kb van vorige rondte, 1 gs in 1e st.

**9e rondte:** Soos 8e rondte.

**10e rondte:** Hier begin toonfatsoenering. Langs lang kant van sool, hekel soos tevore: 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb van vorige rondte. Spasieer die vermin sodat dit in middel is soos volg: slaan 1 st oor, 1 lb in vlg 9 ste, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 9 ste, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg hlb, 1 gs in 1e st.

**11e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb van vorige rondte, vermin soos volg: slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 7 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 7 hlb, slaan 1 st oor en voltooi rondte in hlb, 1 gs in 1e st.

**12e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 6 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 6 hlb, slaan 1 st oor, en voltooi rondte in hlb, 1 gs in 1e st.

BLAAI OM

**13e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb van vorige rondte, vermin soos volg: slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 5 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 5 hlb, slaan 1 st oor en voltooi rondte in hlb, 1 gs in 1e st.

**14e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb van vorige rondte, vermin soos volg: slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 3 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 3 hlb, slaan 1 st oor, voltooi rondte in hlb, 1 gs in 1e st.

**15e rondte:** 1 kb in elke hlb van vorige rondte, vermin soos volg: \* slaan 1 st oor, 1 kb \*, nog 4 maal, voltooi rondte in kb, 1 gs in 1e st.

**16e rondte:** Hekel 'n rondte krap-st. Heg af. Hekel ook 'n rondte krap-st tussen sool en voetrug by 9e rondte. Heg af.

**GESIG (Hekel 2):** Volg aanwysings op diagram en hekel kb, hekel 'n voor- en agterpant in wit. Pas werk kort-kort op diagram om sodoende die pante die regte grootte te kry. Hekel die ore op dieselfde wyse met wit, in kb. Met swart en pienk wol, borduur neus, ore en oë van kat. Die neus met pienk in satynsteek, die ogies met swart in stamsteek. Gebruik 6 stringe pienk wol van 3 cm lank vir die snor. Maak 'n knoop in die middel en verstewig knoop met naald en gare. Maak twee. Werk dit nou aan weerskante van neus vas. Werk in middel van snor 2 stringetjies swart wol vas. Tussen voor- en agterpant van gesig word ore vasgewerk, maar laat 'n opening om gesig op te stop. Werk laastens opening toe en werk gesig nou stewig aan pantoffel vas.

#### Diagram vir kat



Elke blokkie stel 1 cm voor



0 — wit  
● — pienk  
▼ — swart

#### EENDEKUIKENS

**BENODIGDHEDE:** Pinguin Golden Age, 50 g wit; 50 g geel; bietjie oranje; swart en blou wol; hekelpenne van 2,50 mm en 3,00 mm; bordurnaald nr. 18; watte of kapok om mee op te stop.

**SPANNING:** 11 ste en 10 rye = 5 x 5 cm.

**MATE:** Lengte van sool is 18 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; hlb - halwe langbeen; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; krap-st - krapsteek.

**AANWYSINGS (Hekel 2):** Volg aanwysings vir katpantoffels van rondte 1 tot 16 en hekel rande van krap-st.

**GESIG (Hekel 2):** Met 3,00-mm-hekelpen en geel wol, hekel 'n voor- en agterpant presies so groot soos diagram. Hekel snawel met oranje en ogies met blou op dieselfde wyse. Borduur 'n satynsteekkol in middel van ogies, die een helfte met swart en die ander helfte met wit wol.

Werk nou ogies en snawel aan die eend se gesig vas. Rond die buite- en binne-lyne van ogies en snawel met swart wol en stamsteek af, raadpleeg diagram. Gebruik 6 stringe oranje wol, 3 cm lank vir die hare op die kop. Maak 'n knoop in middel van stringetjies en verstewig knoop met naald en gare. Werk die voor- en agterpant van kop aan mekaar vas maar laat 'n opening om kop op te stop. Werk opening laaste toe. Werk oranje hare op kop vas. Werk kop nou stewig aan pantoffel vas.

#### Diagram vir Eendekuike



Elke blokkie stel 1 cm voor

#### BEWERS

**BENODIGDHEDE:** Pinguin Golden Age, 50 g donkerbruin, 50 g roesbruin, 'n bietjie pienk, oranje, swart, blou en wit wol; 2,50-

Elke 100 g bevat Maté Fol. 50 g; Senna Fol. 45,5 g; Uva Ursi 3 g; Valerian 1 g; Fennel 0,5 g.

# Die'n ZIPPERD



mm-hekelpen; borduurnaald nr. 18; watter of kapok om mee op te stop.

**SPANNING:** 11 ste en 10 rye = 5 x 5 cm.

**MATE:** Lengte van sool is 22 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; hlb - halfalangbeen; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; krap-st - krapsteek.

**AANWYSINGS (Hekel 2):** Begin met 34 ks.

**1e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks, in laaste ks werk 4 kb. Hekel nou aan agterkant van ks, 1 kb in elke ks; 3 kb in laaste ks, 1 gs in 1e kb.

**2e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb van vorige rondte. By die 4-kb-vermeer in vorige rondte, hekel 2 kb in elk van middelste 2 kb van 4-kb-vermeer, 1 kb in elke kb tot by vlg punt, 2 kb in elk van middelste 2 kb van 4-kb-vermeer, 1 gs in 1e st.

**3e rondte:** Soos 2e rondte.

**4e rondte:** Soos vorige rondte, maar vermeer soos volg: 2 kb, 1 kb, 2 kb in middel van albei punte.

**5e rondte:** Soos 4e rondte.

**6e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb, vermeer soos volg: 2 kb in 1e st, 1 kb in elk van vlg 2 ste, 2 kb in vlg st, 1 kb in elke kb tot by vlg vermeer, herh vermeer, 1 gs in 1e st.

**7e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb van vorige rondte met vlg vermeer op albei punte: 2 kb in 1e st, 1 kb in vlg st, 2 kb in vlg st, 1 kb in elke kb, 1 gs in 1e st.

**8e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb van

vorige rondte. Eindig met 1 gs in 1e st van vorige rondte.

Die 8 rondtes voltooi die sool.

**9e en 10e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke st van vorige rondte, eindig met 'n gs.

**11e rondte:** Hier begin die toonfatsoenering. Sorg dat vermin in middel van toon val, en hekel 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in hlb. Vermin soos volg: slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 22 ste, slaan 1 st oor, 1 hlb in elk van vlg 11 ste, slaan 1 st oor, voltooi rondte met hlb, 1 gs in 1e st.

**12e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor; hekel 10 hlb, slaan 1 st oor, 10 hlb, slaan 1 st oor en voltooi rondte met hlb, 1 gs in 1e st.

**13e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 8 hlb, slaan 1 st oor, 8 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in hlb, 1 gs in 1e st.

**14e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 6 hlb, slaan 1 st oor, 6 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in hlb, 1 gs in 1e st.

**15e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 5 hlb, slaan 1 st oor, 5 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 1e st.

**16e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 4 hlb, slaan 1 st oor, 4 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 1e st.

**17e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 2 hlb, slaan 1 st oor, 2 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 1e st.


**18e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, verminder 5 ste deur vyf maal 1 st te hekel en

een st oor te slaan, voltooi rondte in hlb.

**19e rondte:** Hekel 'n rondte krap-st. Heg af. Hekel ook 'n rondte krap-st om sool by 8e rondte. Heg af.

**GESIG (Hekel 2):** Met roeskleur, hekel 2 pante vir kop net so groot soos diagram. Hekel 2 kolle vir wangetjies met oranje en twee vir ogies met blou. Borduur wangetjies met swart wol in knoopsteek en pupille van ogies in satynsteek. Werk wangetjies en ogies aan gesig vas. Borduur neusie met pienk wol in satynsteek en tande met wit in satynsteek. Rond buitelyne van al die onderdele af met swart wol en stamsteek. Gebruik 6 stringe oranje wol, 3 cm lank vir hare. Knoop stringe en verstewig knoop met naald en gare. Werk styf op kop vas. Werk voor- en agterpante van gesig aan mekaar vas maar laat 'n opening om op te stop. Werk opening daarna toe en werk gesig stewig aan pantoffel vas.

Diagram vir Bewer



# EEDOODAH -dag.

Met Black Forest sê mens totsiens vir daardie dik gevoel wat jou so ongemaklik laat voel - en sê jy hallo vir daardie dag duisend. Black Forest Kruietee - die vars, mentgeurige liggaamsopknapper met die natuurlike, sagreinigende lakseerwerking. Dis die lekkerste manier om toe te sien dat jy tredhou met dinge. Noem dit zipperdeedoodah.



## BEERTJIES

**BENODIGDHEDE:** *Pingouin Golden Age*, 50 g beige, 50 g roesbruin, bietjie pienk, swart en wit wol; 2,50-mm-hekelpen; borduurnaald nr. 18; watter of kapok om mee op te stop.

**SPANNING:** 11 ste en 10 rye = 5 x 5 cm.

**MATE:** Lengte van sool is 20 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; krap-st - krapsteek.

**AANWYSINGS (Hekel 2):** Begin met 30 ks.

**1e rondte:** 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elke ks tot by laaste ks, 4 kb in laaste ks, hekel nou aan agterkant van ks, 1 kb in elke ks, 3 kb in laaste ks, 1 gs in 1e st.

**2e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb van vorige rondte. By die 4-kb-vermeer in vorige rondte, hekel 2 kb in elk van middelste 2 kb van 4-kb-vermeer, 1 kb in elke kb tot by vlg punt, 2 kb in elk van middelste 2 kb van 4-kb-vermeer, 1 gs in 1e st.

**3e rondte:** Soos 2e rondte.

**4e rondte:** Soos vorige rondte, maar vermeer soos volg: 2 kb, 1 kb, 2 kb in die middel van albei punte.

**5e rondte:** Soos 4e rondte.

**6e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb, vermeer soos volg: 2 kb in 1e st, 1 kb in vlg st,

2 kb in vlg st, 1 kb in vlg st, 2 kb in vlg st, 1 kb in elke kb tot by vlg vermeer, herh vermeer, 1 gs in 1e st.

**7e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke kb van vorige rondte met die vlg vermeer op albei punte: 2 kb in vlg st, 1 kb in vlg 6 st, 2 kb in vlg st, 1 kb in elke kb, 1 gs in 1e st.

**8e rondte:** 1 ks (= 1 kb), 1 kb in elke st van vorige rondte, 1 gs in 1e st.

Dié 8 rondtes voltooi die sool van die pantoffel.

**9e en 10e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke st van vorige rondte, 1 gs in 2e st.

**11e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin vir toonfatsoenering soos volg: slaan 1 st oor, 1 hlb in vlg 11 ste, slaan 1 st oor, hekel 1 hlb in elk van vlg 11 st, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 2e st.

**12e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 10 hlb, slaan 1 st oor, 19 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 2e st.

**13e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, 8 hlb, slaan 1 st oor, hekel 8 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 2e st.

**14e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, werk 7 hlb, slaan 1 st oor, werk 7 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 2e st.

**15e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 5 hlb, slaan 1 st oor, 5 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in elke hlb, 1 gs in 2e st.

**16e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, vermin soos volg: slaan 1 st oor, hekel 4 hlb, slaan 1 st oor, 4 hlb, slaan 1 st oor, 1 hlb in



elke hlb, 1 gs in 2e ks.

**17e rondte:** 2 ks (= 1 hlb), 1 hlb in elke hlb, verminder 5 ste deur 1 st te hekel en 1 st oor te slaan, voltooi rondte met hlb, 1 gs in 2e st.

**18e rondte:** Hekel 1 rondte krap-st. Heg af. Hekel 1 ry krap-st om 8e rondte. Heg af.

**GESIG:** Met roesbruin, hekel 'n voor- en agterpant, in kb vir gesig presies so groot as diagram. Met pienk wol, hekel 'n snoet in kb so groot soos diagram. Met die roesbruin wol, hekel 2 sirkels vir ore in kb. Hekel ogies met wit in kb. Borduur neus met swart wol in satynsteek op snoet, die bek en buitelyne in stamsteek. Werk ogies en snoet aan gesig vas soos op diagram. Borduur binnekant van oortjies met pienk in satynsteek. Werk die voor- en agterpante van kop aan mekaar vas maar laat opening om mee op te stop. Werk opening daarna toe. Werk ore aan kop vas. Werk kop stewig aan voorkant van pantoffel vas.

Diagram vir Beertjie



CECILY LOUW

*Dink  
jy aan Trou,  
Juffrou?*

PRYS:  
R7,50  
+ AVB



PERSKOR-UITGEWERY HEIGHTSTRAAT 28, DOORNFONTEIN

*Uitgewers van letterkundige, opvoedkundige en algemene publikasies*